# BERG-EN-DAL VOETSLAANKLUB / HIKING CLUB

https:/bergendalhiking.co.za

# GRONDWET

**Rev 20250122**

## 1. NAAM

1.1. BERG-EN-DAL VOETSLAANKLUB (hierna "klub" genoem).

## 2. EMBLEEM

2.1. Die aanvaarde embleem mag op amptelike briewe, kledingstukke, ens., soos deur bestuur besluit, gebruik word.

## 3. DOELSTELLING

3.1. Die skep van gesonde buitelugontspanning en waardering vir die natuur deur vir sy lede staptoere en ander buitelug aktiwiteite te reël en aan te bied.

## 4. TAAL EN KULTUUR

4.1. Klublede is oorwegend Afrikaanssprekend, maar ter wille van goeie kommunikasie sal alle korrespondensie, sover prakties moontlik, in Afrikaans en Engels gedoen word.

4.2. Die Klub word volgens Christelike waardes en beginsels bedryf en bestuur.

## 5. LIDMAATSKAP

5.1. Lidmaatskap word slegs deur die klubbestuur toegeken, en is,

- 5.1.1. onderhewig aan die bepalings van die grondwet, en
- 5.1.2. volgens kriteria wat van tyd tot tyd bepaal word, en vervat is in die Stappersgids, en
- 5.1.3. volgens besluite wat tydens die AJV geneem word.

5.2. Enige persoon wat hom verbind tot:

- 5.2.1. die klub se grondwet,
- 5.2.2. stappersgids reëls, en
- 5.2.3. drie stappe, as gas, voltooi het, kan vir lidmaatskap aansoek doen.

5.3. Deur konsultasie met Stapleiers, word lidmaatskapaansoeke goed/afgekeur deur 'n meerderheidstem van bestuurslede.

5.4. Verlening van lidmaatskap is aan die betaling van die jaarlikse ledegeld onderhewig (verwys klousule 10).

5.5. Persone wie se lidmaatskap beëindig is of verval het, kan deur die bestuur vir hertoelating as lid oorweeg word onderhewig aan die bepalings van klousule 6.5.

5.6. Lidmaatskap van die klub bestaan uit:
- 5.6.1. Lede: Persone bo 18 jaar.
- 5.6.2. Ere-lede: In uitsonderlike gevalle of na 'n besondere diens aan die klub kan ere-lidmaatskap deur bestuur aan 'n persoon verleen word, maar eers nadat dit deur 'n algemene jaarvergadering goedgekeur is.

## 6. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

6.1. Vrywillige bedanking moet skriftelik geskied.

6.2. By versuim van betaling van die jaarlikse ledegeld voor 31 Maart, verval so 'n lid se lidmaatskap outomaties.

6.3. Enige lid se lidmaatskap kan by wyse van 'n meerderheidsbesluit deur die bestuur beëindig word, indien sodanige lid volgens oordeel van die bestuur:
- 6.3.1. Hom/haar aan ernstige wangedrag skuldig gemaak het
- 6.3.2. Hy/Sy die klub se goeie naam geskend het
- 6.3.3. Hy/Sy die gees van die klub ondermyn
- 6.3.4. Hy/Sy 'n verleentheid vir die klub of enige lid geword het.
- 6.3.5. Gedurende die finansiële jaar (verwys 13.1) nie aan minstens 3 aktiwiteite wat deur die Klub aangebied word, wat stappe, funksies en vergaderings insluit, deelgeneem het nie.

6.4. Enige lid wie se lidmaatskap beëindig is, het die reg om persoonlik sy saak voor die bestuur te verdedig.

6.5. Persone wie se lidmaatskap kragtens klousules 6.3.1 en 6.3.2 beëindig is, mag nie verder aan klub-aktiwiteite deelneem nie en sal nie weer vir lidmaatskap oorweeg word nie.

6.6. Geen ledegeld word terugbetaal aan lede wat bedank of uit die klub ontslaan word nie.

## 7. GASTE

7.1. Lede wat gaste saam nooi op uitstappies (veral multidag) is verantwoordelik vir alle uitstaande kostes van hul gaste.

7.2. Gaste kan vir 3 geleenthede per jaar (sien 13.1) aan die Klub se bedrywighede deelneem waarna 'n fooi vir elke verdere deelname gehef mag word.

7.3. Gaste moet na die oordeel van die betrokke stapleier fiks genoeg en voldoende toegerus wees voordat hy/sy aan enige uitstappie mag deelneem.

## 8. VRYWARING DEUR LEDE EN GASTE

8.1. Voordat 'n lid of gas aan enige aktiwiteit wat die klub aanbied, deelneem, sal sodanige lid of gas 'n onderneming onderteken waarin die klub of enige deelnemer aan die klub se bedrywighede teen eise gevrywaar word, asook 'n onderneming gee om hom/haar aan die bepalings van die grondwet en reëls van die klub te onderwerp.

## 9. JEUGDIGE DEELNEMERS

9.1. Alle deelnemers onder die ouderdom van 16 jaar moet deur 'n ouer of voog (bo die ouderdom van 21 jaar) op klubuitstappies vergesel word.

9.2. Kinders onder die ouderdom van 13 jaar wat deur lede of gaste vergesel word, sal alleenlik toegelaat word indien dit die goedkeuring van die betrokke stapleier geniet.

## 10. LEDEGELD

10.1. Ledegeld en heffings word tydens die Algemene Jaarvergadering vasgestel, en is op 'n kalenderjaar (1 Januarie tot 31 Desember) van toepassing.
10.2. 'n Eenmalige aansluitingsfooi soos van tyd tot tyd deur die bestuur bepaal, sal op nuwe lede van toepassing wees.

## 11. SAMESTELLING VAN DIE BESTUUR

11.1. Die bestuur sal bestaan uit tussen 5 en 7 lede.
11.2. Die bestuurslede sal jaarliks by die algemene jaarvergadering deur die stemgeregtigde lede verkies word.
11.3. Portefeuljes wat benodig word is onder andere, maar nie beperk tot
11.3.1. Voorsitter,
11.3.2. Sekretaresse,
11.3.3. Tesourier,
11.3.4. Funksie koordineerder,
11.3.5. Stapprogram administrateur,
11.3.6. Staproete databasis admininstrateur,
11.3.7. Webtuiste administrateur,
11.3.8. Stap koordineerder - Saterdae/Multidae
11.3.9. Stap koordineerder - Dinsdae
11.4. Verkiesings proses:
11.4.1. 'n Nominasieproses sal die verkiesing voorafgaan. Nominasies vir lede om elk van die portefeuljes te dek, sal deur 'n voorsteller en sekondant onderteken word en indien die kandidaat die nominasie skriftelik aanvaar, moet die voltooide nominasievorm die sekretaris minstens 1 dag voor die AJV bereik. Indien die aantal genomineerde kandidate minder of gelyk is aan die getal vakatures, sal die genomineerde lede as onbestrede verkies, verklaar word. Indien die aantal genomineerde kandidate meer as die getal vakatures is, sal 'n stemming deur middel van wys van hande plaasvind.
11.4.2. Indien daar nie voldoende nominasies vooraf gekry is, sal die voorstel en sekondasie tydens die vergadering plaasvind.
11.4.3. Indien daar steeds vakante poste is, sal die komitee met hul eertse vergadering besluit om moontlike kandidate te kontak en op n gekoopteerde basis diens te doen.
11.5. Die funksies/portefeuljes van die onderskeie ampsdraers sal tydens die eerste vergadering bevestig word. 'n Lid kan meer as een amp beklee of 'n amp deur meer as een persoon hanteer kan word, in welke geval een van die bestuurslede as leier aangewys sal word.
11.6. Uittredende bestuurslede asook gekoöpteerde lede sal op die bestuur dien tot en met die eerste bestuursvergadering wat volg op die algemene jaarvergadering.
11.7. Enige vakatures wat gedurende die ampstermyn van die bestuur mag ontstaan, word by wyse van koöptering gevul totdat die volgende Algemene Jaarvergadering plaasvind en 'n nuwe bestuur gekies word.

11.8. Enige bestuurslid mag vir 'n volgende termyn herverkies word behalwe die voorsitter wie se dienstermyn na 3 jaar aaneenlopend, outomaties eindig. Die voorsitter mag onmiddellik as 'n bestuurslid in 'n ander amp herkiesbaar wees.
11.9. Enige bestuurslid wat sonder goedkeuring van die bestuur vir drie agtereenvolgende bestuursvergaderings en sonder voorlegging van grondige redes afwesig is, ontruim sy amp outomaties as bestuurslid.
11.10. Indien 'n bestuurslid gevra word om te bedank, of 'n bestuursposisie om welke rede vakant raak, word sodanige vakature ooreenkomstig klousule 11.6 gevul.

## 12. BEVOEGDHEDE VAN DIE BESTUUR

12.1. Die bestuur is die gevolmagtigde verteenwoordiger van die klub en behartig alle verwante sake van die klub en het volle beheer oor die aktiwiteite van die klub en eiendom wat aan die klub behoort, onderhewig aan die bepalings van die grondwet asook aan besluite wat tydens die AJV geneem word.
12.2. Die bestuur het die mag om lede te koöpteer asook die mag om vakatures wat mag ontstaan te vul, behalwe in die geval waar die posisie van die voorsitter vakant raak. In laasgenoemde geval moet bestuur 'n tydelike voorsitter aanwys of 'n buitengewone vergadering ooreenkomsig klousule 17 belê om 'n voorsitter te kies.
12.3. Die bestuur kan lede versoek om op spesifieke sub-komitees te dien of op te tree as verteenwoordigers vir die klub vir spesifieke aangeleenthede en met bevoegdhede soos deur bestuur aan hulle opgedra. Hierdie sub-komitees en verteenwoordigers sal direk aan die bestuur verantwoordelik wees. Die bestuur kan die samestellings van die sub-komitees na goeddunke wysig.
12.4. Die volgende rekords moet bygehou en stiptelik op datum gehou word:
12.4.1. Notules van vergaderings
12.4.2. Ledelys
12.4.3. Voltooide vrywaringsvorms
12.4.4. Mediese inligting van lede wat jaarliks teen 30 April opdateer sal word.
12.5. Die bestuur stel betyds 'n stapprogram vir die jaar op en stel dit aan lede beskikbaar.
12.6. Die bestuur is verantwoordelik om 'n stapleier vir elke georganiseerde uitstappie aan te wys.
12.7. Die bestuur kan lidmaatskap verleen of beëindig ooreenkomstig die bepalings van die grondwet.

## 13. FINANSIËLE BESTUUR

13.1. Die klub se finansiële jaar strek van 1 Januarie tot 31 Desember van elke jaar.
13.2. Die tesourier open en hou 'n tjek-en/of spaarrekening in die naam van die klub by 'n erkende finansiële instelling in stand.
13.3. Behoorlike inskrywings moet van alle ontvangste en betalings in toepaslike rekordstelsels gehou word.
13.4. Die tesourier sal finansiële rekords en -state byhou en stiptelik op datum hou en ooreenkomstig klousule 14.2 beskikbaar stel vir voorlegging en bespreking by bestuursvergaderings.
13.5. Die tesourier sal 'n inkomste-staat en balansstaat van die afgelope finansiële jaar asook 'n begroting vir die volgende finansiële jaar opstel en vir goedkeuring by die AJV voorlê.
13.6. Alle bedrae ontvang moet so gou doenlik in die bankrekening inbetaal en deur middel van 'n faktuur en/of kontantbewys en/of elektronies-geprosesseerde staat of dokument gestaaf word.

13.7. Alle betalings uit die klubfondse wat 'n begrote bedrag soos van tyd tot tyd deur die bestuur bepaal, oorskry, moet deur twee van die lede genoem in 13.8 gemagtig word.

13.8. Ten minste twee van die bestuurslede, soos van tyd tot tyd deur bestuur bepaal, moet tekenmagte op die Klub se bankrekening hê.

13.9. Die boekhoustelsels en rekords van die klub sal jaarliks nagesien word deur (1) een nie-bestuurslid en wat ook nie tydens die finansiële tydperk lid van die bestuur was nie, deur die bestuur genomineer en deur die lede tydens die AJV bekragtig sal word. Nagesiene state moet ten minste 7 dae voor die Algemene Jaarvergadering aan lede gesirkuleer word.

13.10. Bestuur moet die ledegelde vir die komende jaar by die AJV voorlê wat dit moet bekragtig.

13.11. Die bestuurslede genoem in 13.8 aanvaar fidusiêre verantwoordelikheid namens die klub in terme van bestaande inkomstebelasting wetgewing.

## 14. BESTUURSVERGADERINGS

14.1. Die eerste vergadering van die jaar moet binne vier weke na die algemnene jaarvergadering gehou word.

14.2. Bestuursvergaderings word kwartaalliks deur die voorsitter belê en die kworum vir die vergadering sal 50% + 1 bestuurslede wees.

14.3. Kennis van 'n bestuursvergadering sal minstens 48 uur wees en die kennisgewing sal vergesel wees van die agenda asook die notule van die vorige vergadering en enige ander ondersteunende dokumente.

14.4. Die voorsitter van die bestuur tree op as voorsitter van die bestuursvergadering en in sy afwesigheid 'n voorsitter uit die bestuur, soos deur die vergadering verkies.

14.5. Alle besluite word deur 'n gewone meerderheidstem geneem. By staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem.

14.6. Die verloop van en besluite geneem tydens alle bestuursvergaderings moet genotuleer word.

14.7. Bestuur kan na goeddunke besluit om notules wat op die betrokke ampstermyn van die bestuur betrekking het, bekend te maak.

## 15. AD-HOC BESLUITE

15.1. Tussen formele bestuursvergaderings kan ad-hoc besluite geneem word, met dien verstande dat die voorgestelde besluit deur middel van die elektroniese media aan alle bestuurslede deur die sekretaris gestuur word. Die besluit word aanvaar as goedgekeur sodra die meerderheid bestuurslede positief daarop reageer en die sekretaris die bestuurslede inlig watter lede daarvoor, watter lede daarteen en watter lede buite stemming gebly het.

15.2. Ad-hoc besluite sal tydens die opvolgende bestuursvergadering ter tafel gelê en in die notule vermeld word.

## 16. ALGEMENE JAARVERGADERINGS (AJV)



16.1. Algemene Jaarvergaderings sal jaarliks gedurende Januarie of Februarie deur die voorsitter belê word. Kennisgewings met vermelding van datum, tyd en plek moet minstens 14 dae voor vergadering aan die elektroniese adresse van alle lede gestuur word.

16.2. Die volgende dokumente sal die kennisgewing vergesel:
- 16.2.1. Die voorlopige Agenda
- 16.2.2. Die lys van dienende bestuurslede wat beskikbaar is vir herverkiesing.
- 16.2.3. Resolusie(s) vir besluite soos voorsiening gemaak in klousule 17.2.

16.3. Die finale agenda sal aan lede versprei word 7 dae voor die AJV tesame met die dokumente gelys in 16.4.1 tot en met 16.4.4

16.4. Tydens die AJV sal lede:
- 16.4.1. Die notule van die vorige AJV en waar van toepassing ook die notules van buitengewone vergaderings goedkeur.
- 16.4.2. Die voorsitter se skriftelike jaarverslag aanhoor en oorweeg.
- 16.4.3. Die tesourier se finansiële jaarverslag goedkeur (verwys 13.5).
- 16.4.4. Kennis neem van die nasienersverslag van die vorige finansiële jaar.
- 16.4.5. Die nasiener vir die komende finansiële jaar aanwys.
- 16.4.6. Die jaarlikse ledegelde wat die bestuur voorlê, bekragtig.
- 16.4.7. Die voorsitter en onder-voorsitter asook die bestuurslede uit stemgeregtigde lede om vir een volle ampstermyn te dien, verkies. (verwys 11.3).
- 16.4.8. Besluite soos vervat in klousule 17.2 oorweeg en goedkeur of afkeur.

16.5. Die voorsitter van die bestuur tree op as voorsitter van die Algemene Jaarvergadering en in sy afwesigheid 'n voorsitter uit die bestuur of lede, soos deur die vergadering verkies.

16.6. Alle lede en erelede het stemreg. By staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem.

16.7. 'n Kworum bestaan uit 25% van alle stemgeregtigde lede. Indien daar nie 'n kworum binne 30 minute na die geskeduleerde aanvang van die vergadering teenwoordig is nie, sal die vergadering verdaag en herbelê word deur ‘n kennisgewing wat die plek en tyd aandui, per e-pos binne 14 dae aan alle lede uit te stuur. Die lede teenwoordig op daardie vergadering sal dan ‘n kworum vorm.

16.8. Alle kommunikasie tydens Algemene Jaarvergaderings moet behoorlik genotuleer word.

16.9. Alle besluite wat op hierdie vergadering geneem word, uitgesonderd die besluite onder paragraaf 17.2, word met 'n gewone meerderheidstem geneem.

## 17. BUITENGEWONE VERGADERINGS

17.1. Indien skriftelik deur minstens 25% van alle stemgeregtide lede of deur die bestuur versoek, moet die voorsitter binne 21 dae na ontvangs van sodanige versoek 'n buitengewone vergadering belê en ‘n agenda en enige ondersteunende dokumentasie waarin die doel van die vergadering vermeld word met datum, tyd en plek binne 14 dae aan alle lede aan hulle elektroniese adresse gestuur word.

17.2. Die volgende besluite moet goedgekeur word met ‘n twee-derde meerderheid van die kworum teenwoordig by ‘n Buitengewone Vergadering of ‘n Algemene Jaarvergadering:
- 17.2.1. Toevoeging of wysiging van hierdie grondwet.
- 17.2.2. Ontbinding van die klub (verwys klousule 20).

17.3. Die bepalings onder paragrawe 16.3, 16.4 en 16.7 het ook op hierdie vergadering betrekking.

17.4. ‘n Kworum bestaan uit minstens 25% van alle stemgeregtigde lede.

## 18. REGSPERSOON

18.1. Die klub is 'n regspersoon en gevolglik:

- 18.1.1. beskik die klub oor voortdurende regsopvolging ongeag die wisseling van lede;
- 18.1.2. word die klub die alleen-eienaar van alle bates en fondse en is geen bates of fondse die eiendom van enige lid van die klub nie;
- 18.1.3. tree die klub nie met 'n winsmotief op nie;
- 18.1.4. is die klub bevoeg om as 'n eiser of as 'n verweerder in eie naam in 'n bevoegde hof te litigeer of ten behoewe van enige lid van die klub rakende die doelstelling of belange van die klub op te tree;
- 18.1.5. is die persoonlike aanspreeklikheid van 'n lid beperk tot die opeisbare verskuldigde ledegeld.

## 19. VERTOLKING VAN DIE GRONDWET

19.1. Sou enige twyfel oor die korrekte vertolking van hierdie grondwet, die reëls en/of regulasies van die klub ontstaan of bestaan, sal die vertolking/interpretasie van die meerderheid van die bestuur as die finale en bindende vertolking aanvaar word, onderhewig daaraan dat 'n toepaslike regs-opinie verkry is.

## 20. ONTBINDING VAN DIE KLUB

20.1. By ontbinding van die klub moet alle oorblywende bates aan 'n ander stapklub of welsyns-organisasie geskenk word.

20.2. Die oorblywende lede van die laaste bestuur bly in beheer van sake, vereffen alle skulde en besluit aan wie die oorblywende bates en fondse geskenk moet word.

Hierdie grondwet is goedgekeur op 'n Spesiale vergadering gehou op 22 Januarie 2025.

Voorsitter

Naam: Niko van Stryp Handtekening: ____________ Datum: 2025-01-29

Onder-voorsitter

Naam: Edwin Dyason Handtekening: ____________ Datum: 29/1/2025